



Graad 3

'n Grootboek met kort stories



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Boek

8

AFRIKAANS



Hoe om hierdie Grootboek te gebruik:



Stories in hierdie boek:



1 'n Hondjie vir Marietjie

1



2 'n Nuwe skool vir Pietie

14

U as onderwyser moet u voorberei om hierdie Grootboek tydens 'n gedeelde leesaktiwiteit aan die leerders bekend te stel. Gewoonlik werk die onderwyser tydens sulke aktiwiteite met die hele klas, maar indien u klas te groot is, behoort u eerder met 'n groep of 'n deel van die klas te werk. Maak seker dat al die leerders die Grootboek kan sien, sodat hulle die teks self sal kan lees. Tydens gedeelde leessessies leer die leerders hoe om:

- 'n boek te hanteer
- 'n boek vas te hou
- die bladsye om te blaai

Daarby word basiese begrippe - omslag, voorkant, agterkant en titel - vasgelê.

Die leesproses word ook gemodelleer, en die vaardighede wat die KABV voorskryf, word ontwikkel. Dit behels die volgende:

- die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede
- die ontwikkeling van ontluikende leesvaardighede
- die ontwikkeling van dink- en redeneervaardighede deur die beantwoording van vrae oor die storie
- die ontwikkeling van skryfvaardighede deurdat gedeelde lees tot gedeelde skryf lei

Voorbereiding vir 'n gedeelde leessessie

- Maak seker dat al die leerders die boek kan sien. Indien u klas groot is, werk eerder met 'n kleiner groepie.
- Maak indien moontlik 'n boekstander, sodat u die boek nie hoef vas te hou terwyl u lees nie. (Kyk instruksies op die agterste buite-omslag.)
- Hou 'n liniaal of wyser byderhand, sodat woorde tydens lees gevolg sal kan word.
- Plak plakkertjies by woorde wat u wil uitlig, of gebruik 'n "towervenster". (Gebruik 'n reghoekige stuk papier en knip 'n kleiner reghoek in die middel uit om 'n raam te vorm. Plaas dit tydens die leessessie oor die teks sodat slegs een woord sigbaar is.)

Die eerste gedeelde leessessie

Die eerste sessie fokus op genot en 'n eerste "kyk" na die teks, terwyl die leerders 'n persoonlike reaksie op die teks toon.

- Blaai die storie wat gelees gaan word deur. Praat oor die illustrasies.
- Vra leerders om die storie op grond van die titel en die prente te voorspel.
- Stel nuwe of moeilike woorde bekend voordat die storie gelees word.
- Gebruik woordkaarte om nuwe woorde bekend te stel.
- Maak seker dat u gevoelvol lees, en varieer u stemtoon en tempo.
- Gebruik ook verskillende gebare en gesigsuitdrukkings.
- Gebruik 'n wyser of liniaal om woorde uit te wys terwyl u lees, sodat die leerders sien waar gelees word en die klanke met die simbole op die bladsy vereenselwig. Dit sal hulle ook help om die leesproses van links na regs en van bo na onder waar te neem.
- Stel boekterme soos "woord", "sin", "bladsy", "outeur", "titel" ensovoorts bekend.
- Moedig leerders aan om aan die storie deel te neem deur sekere frases hardop saam te sê (bv. "Hardloop maar so vinnig jy kan. Jy sal my nie vang nie, want ek's die gemmerbroodman!").

Die tweede gedeelde leessessie

- Verskuif die fokus na groter leesbetrokkenheid saam met die onderwyser en na die besprekings wat plaasvind.
- Bevorder woordeskat, begrip, dekoderingsvaardighede en teksstrukture (taal, leestekens, ensovoorts).
- Stel die kenmerke van die spesifieke teks (toneelstuk, niefiksie, fiksie, gedig) aan die leerders bekend.

Die derde gedeelde leessessie

- Die leerders behoort die teks nou self te lees en by mondelinge, praktiese en geskrewe aktiwiteite wat op die teks gebaseer is, betrokke te raak.
- Waar moontlik behoort die gedeelde lees te lei tot gedeelde skryf, waarby u modelleer hoe om teks te skryf en die leerders dit dan probeer doen, terwyl u as fasiliteerder optree. Hierdie modellering van die skryfproses berei die leerders voor om hulle eie skryftake aan te pak.



Die maan skyn helder. Dit is net ná middernag Vrydagaand, en Marietjie lê wawyd wakker in haar bed. Sy kan nie slaap nie, want sy is opgewonde oor die hondjie wat sy gaan aanneem. Sy en Nomsa gaan die hondjie die volgende oggend by die diereskuiling uitsoek.

Marietjie is die enigste meisie in die klas wat nog nie 'n troeteldier het nie, omdat sy nog altyd in 'n woonstel gewoon het. Hulle gesin het egter onlangs na 'n huis toe getrek en sy het begin om haar sakgeld te spaar, sodat sy 'n hondjie kan aanneem.

Uiteindelik breek die volgende oggend aan, en Marietjie spring uit die bed uit. Sy was haarself, trek aan en wag dan ongeduldig vir haar maat Nomsa. Nomsa het belowe om saam met Marietjie na die diereskuiling te gaan om haar te help om 'n hondjie te kies.

Uiteindelik arriveer Nomsa se bus. Nomsa spring af en draf vinnig na Marietjie-hulle se voordeur toe. Sy groet Marietjie se gesin vrolik.



Toe Marietjie by die skuiling aankom, is sy skoon pootuit. Sy moet eers gaan sit om asem te skep. Dan neem die vriendelike ontvangsdame die twee meisies na 'n kamer waar ses klein hondjies in 'n mandjie lê en slaap.

Die meisies gaan by die hondjies hurk en streel hulle saggies, terwyl hulle wonder watter een hulle moet kies.

Die bestuurder kom ingestap.
"Goeiemôre, jong dame, ek verstaan dat jy graag 'n hondjie wil aanneem?"
vra sy vriendelik.



"Ja, mevrou," antwoord Marietjie. "Ek het die geld wat ek vir my verjaarsdag gekry het en die geld wat ek met takies in die huis verdien het, gespaar!" Haar oë blink. "Dit sal my eerste troeteldier wees," sê sy opgewonde vir die bestuurder. "Ek het nog nooit tevore een gehad nie."



"Nou ja, kom ek vertel vir jou van hierdie hondjies," sê die bestuurder. "Die hondjies met die rooi, groen en geel halsbandjies is reeds aangeneem. Daar bly dus net twee hondjies oor waaruit jy kan kies: die een met die pienk halsband en die een met die blou halsband."

"O," sê Marietjie, "en wat van die een met die pers halsbandjie? Is hy ook reeds aangeneem?"

"O, daardie een," antwoord die bestuurder. "Jy sal hom nie wil hê nie. Daar skort iets met sy heupies, en hy sal nooit kan hardloop of met 'n bal kan speel nie."



Marietjie kyk na al die hokke om haar. Sy kyk na die wollerige wit hondjies, die klein bruin hondjies, die groot, vriendelike, geel honde, na die katte en die babakatties.

Marietjie streel die hondjie met die pers halsbandjie bo-op sy koppie. Hy lig sy oortjies, waai sy stertjie en kyk met sy sagte bruin ogies na Marietjie.

Marietjie kyk na al die ander diertjies in die hokke om haar. Sy kyk weer na die ses hondjies wat bymekaar in die mandjie lê.

Dan buk sy en tel die hondjie met die pers halsbandjie versigtig op. Sy hou hom styf vas. Sy kan sy hartjie hoor klop. Hy ruik aan haar en druk sy neusie binne-in haar nek in. Sy streel hom saggies en draai dan na die bestuurder toe.



“Dit maak nie saak as hy nie kan hardloop of met ’n bal kan speel nie,” sê sy. Sy trek haar een broekspyp op om die bestuurder te wys dat sy ’n ortopediese stut aan haar been dra. “Ek sukkel ook om te hardloop, en ek kan nie met ’n bal speel nie. Maar my familie en vriende is lief vir my, en dit is vir my genoeg.”

Sy vryf weer die hondjie se koppie. “Ek dink hy is pragtig,” sê sy. Sy draai na Nomsa en vra: “Wat dink dink jy, Nomsa?”

Nomsa knik haar kop en streel ook saggies die hondjie se lyfie.



"Mevrou, kan ek asseblief hierdie een met die pers halsbandjie kry?" vra Marietjie. "Dit is die hondjie wat ek wil hê!"

"Ons gaan mooi vir jou sorg, woewertjie," fluister sy in die hondjie se oor, terwyl sy haar geld aan die bestuurder oorhandig.

Toe Nomsa en Marietjie by die gebou uitstap, begin die hondjie sy stertjie te swaai.




Marietjie stap stadig in die straat af
terwyl sy die hondjie met die pers
halsbandjie veilig in haar arms
vashou.


Die meisies gesels vrolik
met mekaar, terwyl
hulle die hondjie na sy
nuwe huis toe neem.

**Uitdagings vorm
jou karakter!**





Pietie sukkel om by sy nuwe skool aan te pas. "Hoekom moes ek na hierdie skool toe kom?" mompel hy vir homself terwyl hy met sy gesig in sy hande sit. "Hierdie kinders is so gemeen!"



Die vorige jaar moes Pietie by sy pa in Gauteng gaan woon. Hy moes sy ma en suster in Limpopo agterlaat.

Hy moes ook sy klein dorpskooltjie en al sy ou skoolmaats agterlaat. Nou bly hy in Johannesburg, en woon hy 'n skool met byna 'n duisend kinders by.

By sy nuwe skool is sport baie belangrik. Die kinders wat goed in sport presteer, word as "koel" beskou. Pietie kyk graag sokker op TV, maar hy kan nie goed speel nie. In elk geval kon sy ouers nog nooit sokkerstewels bekostig nie.

Een middag, toe al die kinders na die sportveld toe gaan, staan Pietie net en kyk. Hy wens hy het die moed gehad om by hulle aan te sluit, maar hy het nie. Daarom stap hy maar weer alleen huis toe.

Hy stap sy gewone roete, oor die brug, by die sportwinkel en die kafee verby, en dan oor die veld. Net toe hy die brug oorsteek, word hy deur 'n groep bullebakke voorgekeer. Een van die seuns gryp sy skooltas. Hulle begin dit heen en weer vir mekaar gooi.



Toe klap Fanus, een van die grootste seuns in die skool, Pietie se bril van sy gesig af. Hy raap die bril van die grond af op en draf 'n entjie daarmee weg.

“Asseblief, gee my bril terug,” pleit Pietie. “Ek kan niks daarsonder sien nie.”

Fanus gooi die bril in die pad in terwyl hy laggend saam met die ander bullebakke wegstap.

Pietie gaan die bril optel, en hy kan sy oë skaars glo. Hy het gedink dat sy bril stukkend sou wees, maar dit is nie. Dit het 'n sagte landing op 'n kartonboks gehad, en gelukkig het dit toe nie gebreek nie.

Pietie tel sy skooltas en sy bril op. Toe tel hy die boks op. Dit voel swaar. Hy skud dit. Daar is iets binne-in!

Pietie skud die boks weer. Hy draai dit om en bekijk dit van alle kante om te sien of dit aan iemand behoort. Toe maak hy dit versigtig oop, en tot sy verbasing kry hy een sokkerstewel daarin.

Hy kyk om hom rond. Hy wonder of iemand dit laat val het. Hy besluit om die stewel aan te pas. Dit pas hom perfek.

"Dit help egter nie veel nie," sê hy vir homself. "Daar's net een stewel!"



Op daardie oomblik gooi die eienaar van die sportwinkel nog 'n sokkerstewel by sy winkel uit.

“Ons sal nie hierdie stewels kan verkoop nie,” sê hy vir Pietie. “Te veel klante het dit al aangepas.”

Pietie tel die stewel op. Dit is die linkerstewel wat pas by die regterstewel wat hy vroër opgetel het.

“Hulle pas my!” roep Pietie opgewonde uit terwyl hy die veters vasmaak.



"Dan is hulle joune!" sê die winkelier.

"Vanmiddag om drie-uur kom Groot Ben, die sokkerster van die Britse Bere in Engeland, 'n promosie doen en dan kry ons nuwe voorraad. Ek is besig om die winkel op te ruim."

Op daardie oomblik kom Groot Ben toe juis daar aan.

"Haai boet!" groet hy vir Pietie. "Ek gaan die span volgende jaar by die skool kom afrig. Gaan ek jou daar sien?"

"Nee, meneer, ek is nie juis 'n goeie sokkerspeler nie," antwoord Pietie. "Om die waarheid te sê, ek is nie juis goed met enigiets nie, meneer."

"Wat's jou naam, boet?" vra Groot Ben.

"Pietie, meneer."

“Komaan, Pietie, jy gaan uitstekend wees!”

En toe Pietie hom kon kry, is Groot Ben besig om hom terug oor die brug na die sokkerveld toe te vergesel.

“Wat maak jy hier?” vra die afrigter vir Pietie.

“Pietie is saam met my, hy speel vandag in my span,” antwoord Groot Ben. “Kom, Pietie, ek wil hê jy moet op die veld draf en soos ’n professionele ou speel. Hou jou oog op die bal, en onthou, jy het nou goeie stewels ook aan.”

Pietie begin die bal oor die veld dribbel. Dit voel vir hom asof die stewels by hom oorneem!

Hy dribbel en skop die bal, en die toeskouers begin te skree: “Pietie, Pietie!”

“Komaan, Pietie, jy kan dit doen!” roep Groot Ben.

Byna dadelik teken Pietie ’n doel aan, en direk daarna nog een!

Later plaas Groot Ben sy groot hand op Pietie se skouer en sê:

“Wel gedaan, boetman. Moet nooit weer dink jy kan nie sokker speel nie!”





Fanus en sy groep
bullebakke staan hulle en
vergaap. Hulle kan hulle oë nie glo
nie.

“Pietie, jy hoef nie die gewildste outjie te
wees nie,” sê Groot Ben en hy wys na sy
kop. “Al wat regtig saak maak, is wat jy van
jouself dink.”

Die afrigter is baie in sy skik met Pietie.
"Knap gedaan, Pietie," sê hy. "Gaan jy by die span aansluit?"

"Nee dankie, meneer," antwoord Pietie.
"Al wat saak maak, is wat ek van myself dink," fluister hy saggies vir homself.

Jy is goed genoeg - wees net jousef!



Dit is vir ons aangenaam om u aan die reeks Grootboeke bekend te stel. Hierdie Grootboek vorm deel van die groter Reënboogreeks, wat werkboeke, 'n bloemlesing, gegradeerde leesboeke en plakkate insluit. Ons hoop dat u die verskeidenheid stories wat by die agt Grootboeke vir hierdie graad ingesluit is, in u onderrig van waarde sal vind, en dat u leerders hulle gedeelde leeservaring sal geniet.

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir die Grondslagfase lig gedeelde lees as een van die belangrike komponente van die leesstrategie uit. Gedeelde lees vind gewoonlik twee tot vier dae per week plaas, en al die leerders lees dieselfde teks. Die Grootboeke en die gegradeerde leesboeke is vir hierdie doel geskik.

Die gebruik van 'n Grootboek met groot druk is egter uitstekend vir die doel van gedeelde lees, omdat die leerders die woorde en prente kan sien en die storie kan volg terwyl u lees, soos by tradisionele storievertelling. Dit is belangrik dat die leerders om die Grootboek moet sit, sodat hulle dit almal kan sien en die teks kan lees. Die groot druk van die Grootboeke maak dit vir u moontlik om hardop vir 'n groepie leerders in 'n ontspanne, nie-bedreigende atmosfeer voor te lees.

Die Grootboeke in hierdie reeks sal u leerders aan 'n verskeidenheid stories, rympies/gedigte en toneelstukke bekendstel, asook aan inligtings- en grafiese tekste.

Dit is u taak as onderwyser om die stories vir die leerders te laat lê en om die ervaring prettig en opwindend te maak. Die gebruik van die Grootboeke sal u in staat stel om die leeservaring te modelleer op 'n wyse wat sowel u as u leerders sal geniet. Ons hoop dat hierdie boek u sal help om juis dit te doen.




Maak u eie Grootboekstander

U benodig:


1. Karton van dieselfde breedte as 'n oop Grootboek (60 cm breed) en drie keer die lengte plus 10 cm vir 'n soom (136 cm)
2. Maskeerband
3. Twee knypers of pennetjies



- Vou 'n 10 cm-soom aan die bokant van die karton.
- Verdeel die lengte van die oorblywende karton in drie gelyke dele.
- Vou die karton in die vorm van 'n A-raam, sodat die soom met die ander punt van die karton oorsleuel.
- Plak die soom met maskeerband aan die ander punt van die karton vas soos in die illustrasie hieronder getoon.



- Gebruik 'n vel deursigtige plastiek as oorlegsels vir u Grootboek, sodat u en die leerders daarop kan skryf.
- Klem die deursigtige oorlegsels met 'n knyper aan die Grootboek vas.
- Gebruik 'n watergebaseerde pen met wasbare ink om op die oorlegsels te skryf.



Ander idees vir die gebruik van 'n Grootboek

ISBN 978-1-4315-2792-2



9 781431 527922



ISBN 978-1-4315-2792-2

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street, Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
First edition 2016

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

The Big Books in this series are available in all languages. They were developed by a team of UNISA Language and Education experts as part of their Community Engagement contribution to South Africa's education sector.

Author: V McKay